

Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika



Desember 2011

Pokój
Eirene

Pace
Frieden

Pace

Hòa Bình

Vrede

Shalom

Peace

PAZ

la Paix

Fred

Mír

Béke

Lees binne...

- Vrede en versoening – 1
- Die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan – 2
- Positief vorentoe – 3
- 'n Nuwe redakteur – 3
- Sending in Indië – 4

In hierdie uitgawe

- Bl 1 Vrede en versoening (Prof Schalk Botha)
In Christus se voetspore (Dr Wouter van Wyk)
- Bl 2 **Van die redakteur, dr Gerhard Lindeque**
Die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan
- Bl 3 **Aktuele sake**
Positief vorentoe (Kommissie van die Algemene Kerkvergadering)
'n Nuwe redakteur vir *Die Hervormer* (Ds David Barnard)
- Bl 4 **Kerkwêreld**
'n Belydenis van die NG Kerk
Sending in Indië (Johan Janse van Rensburg)
- Bl 5 **Kerkwerf**
Die Administrateur tree af (Dr Wouter van Wyk)
Afskeid na 45 jaar (Dr Wouter van Wyk)
- Bl 6 **Gespreksforum**
Steeds verhardend (Dr Daan van Wyk sr)
Dooiepaddateologie (Dr Stephan Hoffman)
- Bl 7 **Kerk en wêreld**
Nederlandse Geloofsbelydenis – geleentheid vir kolporteurs (Dr Christo Pretorius)
'n Nuwe uitdaging
Nuwe era vir die HTK
- Agterblad **Oordenking**
Hoor die goeie tyding (Ds Willem Barnard)

Die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan

Dr Gerhard Lindeque, uittredende redakteur, skryf: Dit was in vele opsigte 'n stormagtige jaar: in die Kerk, in die wêreld en in mense se persoonlike lewens. In hierdie Kerstyd is ons smagtend na 'n bietjie rus en vrede. Maar hoe kan ons dit beleef te midde van 'n verwarde wêreld en soms neerdrukkende omstandighede? God se kinders word met Kersfees weer herinner aan die vrede wat net God kan gee. In Filippense 4: 4-9 kry ons 'n paar riglyne hoe ons hierdie vrede van God kan beleef:

- Wees altyd bly in die Here.
- Wees insiklik teenoor alle mense.
- Moet oor niks besorg wees nie.
- Sien die positiewe raak.
- Doen die regte dinge.

En hy spreek 'n dankwoord uit:

Baie dankie vir die voorreg wat my gegun is om as redakteur van *Die Hervormer* te kon optree. Dit was 'n geloofsbelewenis om te sien hoe God op hierdie manier in sy kerk werk. Baie dankie aan almal wat dit vir my 'n positiewe ervaring gemaak het. Dankie aan die redaksie, en veral die voorsitter, ds David Barnard, vir elkeen se kreatiewe en onbaatsugtige diens. Dankie aan die personeel van SENTIK vir elkeen se ongelooflike toewyding en harde werk. Baie sterkte aan die nuwe redakteur, dr André Ungerer. Mag God u sy genade en krag skenk.

Vrede en versoening

Prof Schalk Botha onderskei tussen die wêreld se kwistige gebruik van die woorde *vrede* en *versoening* en die betekenis wat die apostel Paulus daaraan geheg het. Volgens Paulus het die inhoud van hierdie woorde eerstens alles te maak met ons mense se verhouding tot die lewende God. Dit is woorde wat tot inhoud het die rede waarom die Woord wat by God was, wat self God was, mens geword het (Joh 1: 1 en 14). Die koms en die heilswerk van die Seun van God, wat ook seun van die mens geword het in Jesus Christus, ons Here, sê vir ons die sekerheid dat daar tussen ons en God nou vrede is en nie meer

vyandskap nie, vas en seker staan. Die sonde was die oorsaak van die vyandskap tussen ons en God. Deur die sonde haat ons God en ons naaste, en vanweë die feit dat God die sonde haat, moet Hy ons vyand wees. Maar onbegryplik en ondeurgrondelik is God se genade waardeur Hy sy Seun as gawe gegee het om daardie vyandskap weg te neem en so versoening te bewerk. Deur die versoeningsdood van Jesus Christus, die Seun van God, is hierdie vrede bewerk (Rom 5: 9). Vanweë ons oortredinge is Hy oorgelewer aan kruis en dood, maar uit die dood is Hy opgewek sodat ons vrygespreek kan word (Rom 4: 25).

Vanuit hierdie nuwe vredesverhouding tussen ons en God, bewerk deur die versoeningsdaad van ons Here, Jesus Christus, mag ons en kan ons en moet ons met die boodskap van vrede en versoening die wêreld, ons medemens, tegemoet tree. Eers as ons deur die geloof aan die vrede en versoening met God deel het, kan ons met die wêreld en ons medemens oor vrede en versoening praat. Duidelik en helder mag en kan en moet ons getuienis wees dat die woorde *vrede* en *versoening* eerstens te make het met ons verhouding tot die God en Vader van ons Here, Jesus Christus. Daartoe mag en kan en moet ons hulle roep en uitnoui en by hulle aandring.

In Christus se voetspore

Dr Wouter van Wyk verduidelik die nuwe tema waarop die Hervormde Kerk nou fokus.

Ons ken die Hervormde Kerk aan haar naam en Kerkwapen wat albei iets van ons geskiedenis kommunikeer. Oor die afgelope paar jaar gebruik ons ook die beeld van die voetewassing om ons verbintenis aan Jesus Christus en sy opdrag tot diens uit te druk.

Die naam en grafiese simbole van die Hervormde Kerk is almal vir ons kosbaar, en is oor die afgelope twee jaar gekoppel aan die tema *Saam in diens*. Daarmee wou ons sê dat elkeen van ons, wat ons plek of rol in die Hervormde Kerk ook al is, saam in diens staan van die een Heer van die Kerk.

Die Kommissie van die AKV het besluit dat ons op hierdie tema moet voortbou. Met behoud van die bekende grafiese simbole is die nuwe tema wat ons met ingang van die Adventstyd (November 2011) regdeur die Kerk wil gebruik *In Christus se voetspore*.

Hierdie tema sluit nou aan by die tema *Saam in diens*, en voer dit juis een stap (letterlik!) verder. Waar die vorige tema, *Saam in diens*, aansluit by die Here se woorde in Johannes 13: 12 (*Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het?*), sluit die nuwe tema, *In sy voetspore*, nou aan by die woorde van Johannes 13: 15: *Ek het vir julle 'n voorbeeld gestel, en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen*.

Met hierdie tema staan Jesus as die Christus, die Gestuurde van God, sentraal in die fokus van die Kerk. As die Kerk, sy gestuurdes, in Christus se voetspore volg, is ons een met Hom en een met mekaar. Terselfdertyd dui die voetspore op beweging – soos by Jesus Christus self, is ons energie dan gerig op die nood van die mensdom.

Positief vorentoe

Die **Kommissie van die AKV** het op 11 November 'n verklaring uitgereik aan gemeentes en predikante. Die volledige verklaring is op die Kerk se amptelike webblad www.nhk.co.za beskikbaar.

Die kerk van Jesus Christus beleef ingrypende en beslissende tye. Ons leef in 'n tyd van groot veranderinge wêreldwyd wat ons nie volkome begryp nie en waaroor ons nie beheer het nie. Ook die gevestigde Christelike kerke kry die wind van voor.

Baie gemeentes in die Hervormde Kerk is in 'n ernstige stryd om oorlewing vasgevang. Hulle dors na leiding en koers om die evangelie van Jesus Christus opnuut binne hulle eie konteks relevant en kragtig te verkondig. Ons moet almal ons lidmate en gemeentes se noodroep hoor en mekaar begin help. So kan ons saam in die voetspore loop wat Christus voor ons getrap het.

Ons moet opnuut na mekaar luister. Ons moet mekaar vergewe as een van ons iets teen 'n ander het. Nie omdat ons wil nie, maar omdat God dit van ons verwag. Dit beteken dat ons sensitief moet wees vir God en vir mekaar. Al sal ons nooit oor alles met mekaar saamstem nie, moet ons saam kerk wees omdat God ons daartoe geroep het.

Daarom moet ons bewustelik nie by onself begin nie, maar by die Woord van God. Ons moet doelgerig daarna streef om te doen wat die Woord van God sê, en nie wat onself sê of wil hê nie.

Die Kommissie benadruk dat ons Kerk ook die onsekere toekoms positief tegemoet kan gaan, omdat Jesus die Heer van die kerk is. As ons in die verlossing deur Jesus Christus glo, as ons in Christus se voetspore volg, is ons – ten spyte van swaarkry en lyding – altyd veilig in God se hande.

Daarom aanvaar die Hervormde Kerk die uitdaging om in elke stad en dorp van Suid-Afrika te leef en werk as aktiewe gemeentes van die kerk van Jesus Christus. Saam wil ons leef en werk as sy getuies – deur ons belydenis, en deur 'n lewe van diens wat hierdie belydenis bevestig.

Ander berigte

Lees oor 'n **nuwe belydenis van die NG Kerk**, en oor **sendingwerk wat in Indië** gedoen word.

Daar is berigte oor die huidige Administrateur, **mnr Kobus Viljoen**, se aftrede, en sy opvolger, **mnr Elmar Struwig**. Lees ook oor **mej Rona Barnard**, die persoonlike assistent in die Administrateurskantoor, wat nou na 45 jaar by die Sinodale Kerkkantoor halt roep.

'n Nuwe era breek in 2012 aan vir die Hervormde Teologiese Kollege met die aanstelling van **dr Christo van der Merwe** as Hoof. **Prof Theuns Dreyer**, sedert 1 Januarie 2000 Hoof van die Kollege, emeriteer voor die einde van vanjaar. Hy sal egter steeds betrokke bly by die HTK.

Die **Nederlandse Geloofsbelydenis** is vanjaar 450 jaar oud. **Dr Christo Pretorius** skilder die agtergrond van dié Belydenis – 'n belydenis wat enersyds apologeties is en aandui wie die gelowiges nie is nie, en andersyds konfessioneel is; dit dui op wie die gelowiges is aan die hand van wat geglo word. Tans, in 'n wêreld wat as postkerklik en selfs post-Christelik beskryf word, is die identiteit en uniekheid van die kerk weer aan die orde; 'n uniekheid en identiteit wat sy oorsprong in God se openbaring vind en in gelowiges se belydenis weerklink. In 2013 is die Heidelbergse Kategismus 450 jaar oud, en in 2017 vier die Kerk 500 jaar se Reformatoriese arbeid.